# Hans Endler se studie aan die *Conservatorium für Musik und darstellende Kunst* in Wenen, 1892-1897

*Heinrich van der Mescht**

## Inleiding[1]

Hans Endler (1871-1947) het 'n deurslaggewende rol gespeel in die ontwikkeling van musiekopleiding in Suid-Afrika vandat hy in 1903 in Kaapstad aangekom het uit Londen, waar hy na die beëindiging van sy Weense studie aan die Konservatorium vir Musiek en daarstellende Kuns vanaf 1897 gewoon het. In 1904 was Endler een van die stigters van die Musiekkonservatorium op Stellenbosch. Die nuwe gebou is in 1905 ingewy. Na die aftrede van Friedrich Wilhelm Jannasch (1853-1930) as hoof van die Konservatorium in 1921 het Endler hierdie taak oorgeneem en die institusie gemodeleer volgens die voorbeeld wat hy by die Konservatorium in Wenen gesien en ervaar het. In 1934, die jaar waarin Endler afgetree het, het die Stellenbosse Konservatorium deel geword van die Universiteit van Stellenbosch.[2]

---

* Heinrich van der Mescht (vdmescht@postino.up.ac.za) is 'n professor in musiek aan die Universiteit van Pretoria. Onlangse artikels sluit dié in oor die Engelse komponis Charles Villiers Stanford se Duitse liedere (*Acta Academica*), oor die Engelse komponis Herbert Howells se gesigspunte oor rasse-, politieke en godsdienstige aangeleenthede, soos afgelei kan word uit sy briewe geskryf in Suid-Afrika in 1921 (*Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*) en oor die oorsprong van die woordteks van Howells se twee Afrikaanse liedere (*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*). Heinrich van der Mescht doen tans navorsing oor Suid-Afrikaanse musiekstudente in Europa tussen 1880 en 1939.

1. Ek bedank dr. Lynne Heller en mnr. Erwin Strouhal vir hulle onskatbare hulp in die Argief van die *Universität für Musik und darstellende Kunst* in Wenen.

2. J.P. Malan, "Endler, Johann Franz (Hans)" in *South African Music Encyclopedia* vol. 2 (Oxford University Press, Kaapstad, 1982), pp. 19-20.

*Historia* 47(1), Mei 2002, pp. 363-75.

In Eduan Grobbelaar se belangrike M.Mus.-verhandeling oor Endler (1967) word daar in die eerste hoofstuk ’n oorsig verskaf oor Endler se lewe totdat hy in 1903 uit Engeland na Suid-Afrika vertrek het.[3] Vir inligting oor Endler se Wenen-tydperk steun Grobbelaar[4] sterk op Endler se eie lewenskets wat hy in 1946 op ongeveer 75-jarige leeftyd geskryf het.[5] In 1971 word hierdie inligting deur Grobbelaar herhaal in ’n artikel in *Lantern*.[6] Grobbelaar het ook ’n artikel oor Endler vir die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* bygedra.[7] Ook Die *Suid-Afrikaanse Musiekensiklopedie* wy ’n artikel aan Endler.[8] Ten spyte van Endler se twee artikels in *Die Huisgenoot* in 1939 waarin hy informasie oor sy studietyd in Wenen verskaf,[9] is daar is steeds baie min bekend oor hierdie vormende jare aan die *Conservatorium für Musik und darstellende Kunst* waar hy vanaf 1892 vir vyf jaar studeer het. Die huidige artikel is ’n verkenning van die feite oor Endler se studie in Wenen.

## Wenen in die 1890’s

Die stad waarin Endler vroeg in die negentigerjare van die 19de eeu aangekom het, was ’n glorieryke sentrum van die Oostenryk-Hongaarse Ryk van keiser Franz Joseph. Die stadsmure, wat vanaf 1858 afgebreek is, is vervang met die Ringstraße wat in 1865 reeds gedeeltelik in gebruik was. Die Hofopera, die eerste van die openbare geboue in die straat, is in 1869 geopen, gevolg deur ander geboue in hierdie oorweldigende styl: die Votiv-kerk (1879), die parlementsgebou (1883),

---

3. E. GROBBELAAR, Die lewe en werke van Hans Endler en sy invloed op die musieklewe van Stellenbosch, (M.Mus., US, 1967), pp. 1-26.
4. *Ibid.*, pp. 2-7.
5. *Ibid.,* pp. 181-186. Die oorspronklike weergawe is tans nêrens te vind nie. Dit is nie in die biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch nie en ook nie in die besit van Endler se dogter, mev. Y. Richter (Woodside Village 29, Nortonweg, Rondebosch, 7700) nie (persoonlike mededeling 15 Oktober 2001). Grobbelaar verskaf ’n kopie van die eerste bladsy.
6. E. GROBBELAAR, “Hans Endler – ’n vergete musiekpionier”, *Lantern* 20(3), 36-46.
7. Vgl. E.D. GROBBELAAR, “Endler, Johann Frans (Hans)”, in W.J. DE KOCK en D.W. KRÜGER (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* deel II, (Tafelberg, Kaapstad, 1972), pp. 222-223.
8. J.P. MALAN, “Endler, Johann Franz (Hans)”, *South African Music Encyclopedia* vol. 2, pp. 18-22.
9. H. ENDLER, “Uit die ou Weense Dae” in *Die Huisgenoot*, 27 Januarie 1939, pp. 12-13, 15; H. ENDLER, “Van Twee Vriende” in *Die Huisgenoot*, 18 Augustus 1939, pp. 33, 35, 93.

die stadshuis (*Rathaus*, 1883), die universiteit (1884) en die Hofburgtheater (1888).[10] Die Kunsmuseum (*Kunsthistorisches Museum*) is in 1891 ingewy.[11]

Volgens Endler se selfgeskrewe lewensskets het hy reeds in 1890 in Wenen aangekom om in die leërorkes van die "Regiment Hoch und Deutschmeister" te speel.[12] Volgens hom het hy toe ook by die *Conservatorium für Musik und darstellende Kunst* ingeskryf. In 1939 onthou hy die Wenen van die 1890's soos volg:

> Om oor Weenen te skryf, veral die Weenen van voor die oorlog of selfs vroeër, is altyd 'n genot en 'n verfrissing. Want destyds was dit nie alleen die sentrum van musikale belangstelling nie, maar ook die sentrum van 'n lewenslustige en kunsliefhebbende adel met al sy weelde en swier. [13]

In die negentigerjare was die musiekstad Wenen die tuiste van die komponiste Bruckner (1824-1896), Brahms (1833-1897) en Hugo Wolf (1860-1903), die operadirigente Hans Richter (1843-1916),[14] Felix Mottl (1856-1911) en Mahler (1860-1911), en die musiekwetenskaplike Guido Adler (1855-1941).

'n Mens wonder hoeveel van die kulturele en ander gebeurtenisse in Wenen die jonge Endler self bygewoon het en watter 'n direkte invloed op hom gehad het.

In 1890 is daar byvoorbeeld twee van Ibsen se dramas vir die eerste keer in Wenen opgevoer: *'n Volksvyand* en *Spoke*.[15] So ook *Des Teufels Weib* van Theodor Herzl. In 1891 publiseer Freud sy *Zur Auffassung der Aphasien*, die Kunsmuseum word geopen, en die première van *Der Vogelhändler* van Karl Zeller vind in die Theater an der Wien plaas. In dieselfde jaar word Ibsen se *Die aanspraakmaker op die troon* en *Die wilde eend* die eerste keer in Wenen opgevoer. Hugo Wolf publiseer die eerste deel van sy *Italiaanse Liederboek* in 1892, en die Internasionale

---

10. P. BANKS, "Vienna: Absolutism and Nostalgia", in *The Late Romantic Era: From the mid-19th century to World War I*, geredigeer deur Jim Samson (Macmillan, Londen, 1991), p. 82.

11. W. KLEINDEL, *Die Chronik Österreichs* (Chronik Verlag, Dortmund, 1984), p. 420.

12. E. GROBBELAAR, Die lewe en werke van Hans Endler en sy invloed op die musieklewe van Stellenbosch, p. 181.

13. Vgl die begin van sy artikel "Uit die ou Weense Dae", *Die Huisgenoot*, 27 Januarie 1939, p. 12.

14. Endler skryf in 1939 oor 'n ontmoeting met Richter. Vgl. H. ENDLER, "Uit die ou Weense Dae" in *Die Huisgenoot*, 27 Januarie 1939, p. 15:

    Toe ek nog student was, het ek een aand daarin geslaag om in die voorportaal van die Operagebou in Weenen te kom om so, op 'n afstand na die orkes te luister. Richter kom binnegestap en sien my. "Wat maak jy hier?" vra hy. "Hulle sal jou by die deur uitsit. Het jy g'n geld om binne te gaan nie? " Toe ek beken dat ek g'n pennie by my het nie, steek hy sy hand in sy sak en gee my genoeg geld om op die galery 'n sitplek te koop.

15. Vir die inligting in die volgende paragraaf, vgl. T. ERBEN, *Traum und Wirklichkeit - Wien 1870-1930* (Eigenverlag der Museen der Stadt Wien, Wenen, 1985), pp. 741-749.

Uitstalling vir Musiek- en Teaterwese word in Wenen geopen.[16] Op 2 Augustus 1892 word die kroon as geldeenheid vir Oostenryk-Hongarye ingevoer. Die eerste Weense opvoering van Leoncavallo se *Bajazzo* vind op 19 November 1893 in die Hofopera plaas, die Raimund-teater word op 28 November geopen, en die première van Arthur Schnitzler se *Das Märchen* veroorsaak 'n skandaal. Endler kon moontlik een van die toeskouers gewees het toe die eerste elektriese straatligte op 4 Desember 1893 by die Kohlmarkt in Wenen aangeskakel is. Otto Wagner word op 22 Mei 1894 verantwoordelik vir die kunsaspekte van die stadspoorweg en die Donou-kanaal. Op 1 Junie word middel-Europese tyd in Oostenryk-Hongarye ingevoer. Die eerste opvoering in Wenen van Humperdick se *Hänsel und Gretel* vind op 18 Desember in die Hofopera plaas. Nadat die musikus Johann Schrammel in 1894 oorlede is, sterf Josef Schrammel in 1895. Ook die operettekomponis Franz von Suppé sterf in die jaar. Daar word 'n verbod geplaas op kinderarbeid onder 14 jaar en op nagwerk van jeugdiges en vroue. Die werksdag word op 11 uur vasgestel en die Sondagspouse op 24 uur. Dr. Karl Lueger word die eerste keer as burgemeester van Wenen verkies. Freud publiseer *Studien über Hysterie* saam met Josef Breuer, en Schnitzler se *Liebelei* beleef sy wêreldpremière in die Hofburgtheater. In Wenen word die eerste Joodse museum in die wêreld begin, en die eerste sokkerwedstryd tussen twee Oostenrykse klubs vind plaas.[17] Theodor Herzl se *Der Judenstaat* verskyn op 14 Febuarie 1896. Die eerste rolprentvertoning in Oostenryk vind op 27 Maart in Kärtnerstraße plaas, en op 17 April sien die keiser sy eerste rolprent. Daar is bloedige gevegte tydens die Meidagvierings in die Prater. Smetana se *Die Verkoopte Bruid* word op 4 Oktober die eerste keer in Wenen opgevoer, en Bruckner sterf op 11 Oktober. 1897 (Endler se laaste jaar in Wenen) was 'n groot jaar vir vroueregte: vroue word die eerste keer tot die Fakulteit Filosofie van die Universiteit van Wenen toegelaat. Die groot wiel word in die Prater gebou, en op 28 Januarie word die eerste geëlektrifiseerde straattremroete ingewy. Op 3 April sterf Brahms in Wenen.

**1892/1893**

Die eerste verskyning van Endler se naam in dokumente in die Argief van die *Universität für Musik und darstellende Kunst* in Wenen kom voor in die jaarverslag oor die akademiese jaar 1892/1893 wat in 1893 onder die volgende hoogdrawende titel verskyn het: "Verslag oor die Conservatorium vir Musiek en daarstellende Kuns van die Vereniging van Musiekvriende in Wenen (gestig 1817) wat onder beskerming staan van haar keiserlike en koninklike hoogheid, die deurlugtigste kroonprinses-weduwee aartshertogin Stephanie. Vir die akademiese

16. Endler verwys na hierdie uitstalling in sy artikel "Uit die ou Weense Dae". Vgl. H. ENDLER, "Uit die ou Weense Dae" in *Die Huisgenoot*, 27 Januarie 1939, p. 12.

17. Volgens W. KLEINDEL, *Die Chronik Österreichs*, p. 420, het die sokkerwedstryd in 1894 plaasgevind.

jaar 1892-1893".[18] Tussen die lys van 827 musiekstudente[19] verskyn die naam van student nommer 127: " Endler Johann aus Neudorf in Mähren, 22 J. – Vc. V. II. – hb".[20] Hans Endler was dus volgens die inskrywing reeds 22 jaar oud toe hy hom ingeskryf het. Eintlik was hy nog 21 jaar oud, want hy is op 1 Januarie 1871 gebore. Dit is aansienlik ouer as die meeste ander studente. Hy het gekom uit Neudorf in Morawië. In daardie jaar was daar altesaam 44 musiekstudente uit Morawië,[21] wat toe 'n deel van die Oostenryk-Hongaarse ryk gevorm het. Die "hb" by sy naam dui aan dat hy slegs die helfte van die studiefooi betaal het.[22]

Die kursus het uit drie jaar "Vorbildungsschule" (voorstudie) en drie jaar "Ausbildungsschule" (uitboustudie) bestaan. Studente is volgens die vaardigheid wat hulle in die toelatingseksamen getoon het in 'n spesifieke jaargang toegelaat.[23] Endler is vir tjello-onderrig in die tweede jaar van die "Vorbildungschule" geplaas: "Vc. V. II". Hy was dus nie ver gevorder toe hy sy studie begin het nie. Volgens die inligting het hy in die eerste jaar slegs op sy tjellospel gekonsentreer. In 1892 was daar afgesien van Endler nog nege tjellostudente in die "Vorbildung" en 14 in die "Ausbildung". Endler se dosent was Ferdinand Hellmesberger (1863-1940) wat 29 jaar oud was; dus slegs ongeveer agt jaar ouer as Endler. Ferdinand Hellmesberger het van 1885 tot 1900 tjello-onderrig aan die Conservatorium gegee[24] en was die seun van Joseph Hellmesberger (1828-1893) wat van 1851 tot 1893 die hoof van die Conservatorium was.[25]

Endler se inskrywing staan in die jaarverslag van die Conservatorium net voor dié van die 11-jarige wonderkind Georg Enescu (gebore 19 Augustus 1881) van Dorokoj in Roemenië wat reeds in die derde jaar van vioolstudie in die "Ausbildungsschule" was.[26] Daarby het hy Kontrapunt en Musiekgekiedenis studeer. Enescu het in 1888 op 7-jarige leeftyd met sy studie aan die

---

18. *Bericht über das Conservatorium für Musik und darstellende Kunst der unter dem Protectorate Ihrer k. und k. Hoheit der durchlauchtigsten Kronprinzessin-Witwe Erzherzogin Stephanie stehende Gesellschaft der Musikfreunde in Wien. (Gegründet 1817.) Für das Schuljahr 1892-1893* (Conservatorium der Gesellschaft der Musikfreunde, Wenen, 1893).
19. *Bericht* […] *1892-1893*, pp. 12-33.
20. *Bericht* […] *1892-1893*, p. 16.
21. *Bericht* […] *1892-1893*, p. 35.
22. "halb befreit vom Schulgelde".
23. Die Conservatorium het in sommige vakke die moontlikheid van 'n "Vorbereitungsschule" gehad.
24. E. TITTEL, *Die Wiener Musikhochschule: Vom Konservatorium der Gesellschaft der Musikfreunde zur staatlichen Akademie für Musik und darstellende Kunst*, (Elisabeth Lafite, Wenen, 1967), p. 92.
25. *Ibid.*, p. 84.
26. *Bericht* […] *1892-1893*, p. 16.

Conservatorium begin.[27] In die *Bericht* van 1892/1893 word gemeld dat Enescu sy hoofvak voltooi ("absolviert") het, en daarbenewens die "Reifezeugniß" (finale eksamen) afgelê het. Hy het ook die silwermedalje van die *Gesellschaft* ontvang.[28]

Dit is duidelik dat Endler, wat laat ontwikkel het, saam met baie talentvolle jongmense studeer het. Dit moes seker 'n intimiderende uitwerking op hom gehad het. Onder die eksamenstatistiek[29] word 'n lys verskaf van slegs daardie studente wat in die eerste graad geslaag het.[30] In die klas van prof. Ferdinand Hellmesberger het altesaam vyf studente in die eerste graad geslaag, onder wie Endler.[31] Die ander suksesvolles was Franz Gärdtner (16 jaar), Ferdinand Niederkorn (21), Oscar Saubermann (19) en Carl Stoll (15). Laasgenoemde was in sy eerste jaar. Daar kan afgelei word dat Endler hard gewerk het en goeie vordering gemaak het.

Franz Schmidt was Endler se beste vriend onder sy studentemaats. Schmidt was van 1890 'n student aan die Conservatorium,[32] het later van 1902 tot 1937 aan die Musiekakademie (soos die Conservatorium later genoem is) klas gegee[33] en het 'n bekende komponis geword. Endler skryf in 1939 die volgende oor Schmidt:[34]

> Schmidt en ek het baie maal voor Brahms, Dvorák [*sic*], Grieg en Johann Strauss gespeel, en in ons studentejare was ons onafskeidelik [*sic*] verbonde aan mekaar. As die een geen geld gehad het nie, het die ander wel iets gehad. My viool is seker vandag nog in die pandjieswinkel waar ek dit verpand het om heerlike wors, brood en Grinzingerwyn te koop – 'n maal wat ons saam met vriende van albei geslagte geniet het. *O tempora, o mores*! selfs ons professors was toeskietlik en tegemoetkomend: gewoonlik het hulle ons toegelaat om eerste aan die beurt te kom, sodat ons daarna biljart kan gaan speel in die kafee en nie die res van die twee uur lange klas hoef by te woon nie.

**1893/1894**

Vanaf 1893-1894 word die jaarverslag *Statistischer Bericht* genoem en in hierdie volume word die besonderhede van die 812 musiekstudente (waaronder 143

---

27. *Bericht* […] *1888-1889* (Conservatorium der Gesellschaft der Musikfreunde, Wenen, 1889), p. 14.
28. *Bericht* […] *1892-1893*, pp. 93, 94, 96.
29. "Prüfungstatistik", beginnende op p. 74 van die *Bericht* vir 1892-1893.
30. "Uebersicht der Schüler, welche nach Ergebnissen der Classen-Schlußprüfung Censuren ersten Grades erhielten" (*Bericht* […] *1892-1893*, p. 74).
31. *Bericht* […] *1892-1893*, p. 76. Volgens inligting op p. 37 was daar 10 studente in die "Vorbildungsschule" vir tjello.
32. *Bericht* […] *1890-1891* (Conservatorium der Gesellschaft der Musikfreunde, Wenen, 1891), p. 27.
33. E. TITTEL, *Die Wiener Musikhochschule: Vom Konservatorium der Gesellschaft der Musikfreunde zur staatlichen Akademie für Musik und darstellende Kunst*, p. 102.
34. Vgl. H. ENDLER, "Van Twee Vriende" in *Die Huisgenoot*, 18 Augustus 1939, p. 35.

buitelanders) die eerste keer in netjiese kolomme aangedui.[35] Endler was nou in die derde jaar van die "Vorbildungsschule" vir tjello en het daarvoor "lobenswerth" (prysenswaardig) van sy onderwyser Ferdinand Hellmesberger ontvang.[36] Hy het ook Algemene Musiekleer en die eerste jaar van Klavieronderrig voltooi en vir albei is "lobenswerth" aan hom toegeken. Hierdie verslag bevat nie besonderhede oor studente wat in die eerste klas geslaag het soos die vorige jaar se verslag nie. Endler het weer slegs die helfte van die studiegeld betaal en is ook "halbe Claviermiethe" (halwe klavierhuur) toegestaan.

**1894/1895**

In die oorsig oor 1894/1895 word in die lys van die 806 musiekstudente vermeld dat Endler nou in die "Ausbildungsschule" was.[37] Hy het 'n hoër byvoeglike naamwoord verdien, naamlik "ausgezeichnet" (uitstekend) van Ferdinand Hellmesberger. Dit is duidelik dat Endler deur harde werk sy standaard verhoog het. As byvakke het hy "Harmonielehre" (daar was 95 studente in die klas) en Klavier II (198 studente) geneem. Vir beide was sy punte "lobenswerth" (prysenswaardig). In hierdie jaar was daar 9 studente in die "Vorbildung" en 15 in die "Ausbildung" vir tjello.[38]

Die verslag van die akademiese jaar 1894-1895 is'n belangrike dokument omdat dit die feesvieringe reflekteer van die feit dat die Conservatorium toe reeds 25 jaar in sy nuwe gebou, die *Musikvereinsgebäude*, in Bösendorferstraße was. Daarom bevat dit 'n oorsig getitel "Vyf-en-twintig jaar in die nuwe gebou van die *Gesellschaft*. 'n Terugblik".[39] Tydens hierdie akademiese jaar was daar op Vrydag 7 Desember 1894 'n openbare uitvoering ("Öffentliche Vortragsübung") deur die studente-orkes ("Schüler-orchester") onder leiding van Johann Nepomuk Fuchs wat 'n uitvoering van die derde en vierde deel van Brahms se tweede

---

35. *Statistischer Bericht über das Conservatorium für Musik und darstellende Kunst der unter dem Protectorate Ihrer k. und k. Hoheit der durchlauchtigsten Kronprinzessin-Witwe Erzherzogin Stephanie stehende Gesellschaft der Musikfreunde in Wien. (Gegründet 1817.) Für das Schuljahr 1893-1894*, (Conservatorium der Gesellschaft der Musikfreunde, Wenen, 1894), pp. 16-97. Op p. 28 is student nommer 119 "Endler Johann".

36. Die moontlikhede was "befriedigend" (bevredigend), "lobenswerth" (prysenswaardig) en "ausgezeichnet" (uitstekend).

37. *Statistischer Bericht* […] *1894-1895* (Conservatorium der Gesellschaft der Musikfreunde, Wenen, 1895), p. 53. Die lys musiekstudente word op pp. 40-116 verskaf.

38. *Statistischer Bericht* […] *1894-1895*, p. 122.

39. "Fünfundzwanzig Jahre im neuen Gesellschaftshause. Ein Rückblick" (*Statistischer Bericht* […] *1894-1895*, pp. 7-17).

klavierconcerto ingesluit het.[40] Die studentekonsert op Saterdag 18 Mei 1895, ook onder die leiding van Fuchs, is afgesluit met Brahms se *Variasies op'n Tema van Haydn*.[41] Dit is nie seker of Brahms by hierdie uitvoerings teenwoordig was nie. Moontlik was Endler reeds ver genoeg gevorder om in die orkes te kon speel. Endler skryf in 1939 dat daar een geleentheid was waar hy in die orkes onder Fuchs gespeel het en waar Brahms, Bruckner, Grieg, Dvorak, Goldmark, Richard Strauss en Johann Strauss teenwoordig was.[42]

Die belangrikste aand van die jaar was sekerlik 18 Maart 1895 toe daar 'n spesiale feeskonsert gehou is.[43] Komponiste wat in die program gehoor is, was Bach, Mozart, Mendelssohn (die eerste en derde deel uit die oktet, waarin Endler se onderwyser, Ferdinand Hellmesberger, ook gespeel het), Zemlinsky, Robert Sound en Ludwig Thuile. Liedere van Felix Mottl, Hugo Reinhold en die onsuksesvolle Conservatoriumstudent, maar later wêreldberoemde liederkomponis, Hugo Wolf is voorgedra. Dit is nie seker of Wolf die aand daar was nie. Die hoogtepunt van die verrigtinge was die laaste item: die *Akademiese Fees-ouverture* van Brahms, gedirigeer deur die komponis.[44] Volgens Endler het hy in die orkes onder Brahms gespeel.[45]

**1895/1896**

In hierdie jaar was daar altesaam 794 musiekstudente, waarvan 179 buitelanders was. Endler het "lobenswerth" vir sy tjellospel in die tweede jaar van die "Ausbildung" ontvang, en het vir Musiekgeskiedenis "befriedigend" gekry. Daar was 9 tjellostudente in die "Ausbildungsschule" en nog 10 in die "Vorbildungsschule".[46]

---

40. Brahms se tweede klavierconcerto op. 83 is slegs 13 jaar vroeër in Wenen voltooi. Die eerste uitvoering was in die nabygeleë Budapest op 9 November 1881. Vgl. G.S. BOZART & W. FRISCH, "Brahms, Johannes", in *The New Grove Dictionary of Music and Musicians*, tweede uitgawe, geredigeer deur S. Sadie, volume 4 (Macmillan, Londen, 2001), p. 201.

41. *Statistischer Bericht* […] *1894-1895*, p. 154.

42. Vgl. H. ENDLER, "Uit die ou Weense Dae" in *Die Huisgenoot*, 27 Januarie 1939, p. 13.

43. *Statistischer Bericht* […] *1894-1895*, p. 30.

44. "… unter persönliche Leitung des Componisten" (*Statistischer Bericht* […] *1894-1895*, p. 30).

45. Vgl. H. ENDLER, "Uit die ou Weense Dae" in *Die Huisgenoot*, 27 Januarie 1939, p. 13. Endler skryf ook dat hy onder Grieg as dirigent in die studente-orkes 'n werk van Brahms gespeel het.

46. *Statistischer Bericht* […] *1895-1896* (Conservatorium der Gesellschaft der Musikfreunde, Wenen, 1896), pp. 16-91, 26, 98.

Endler se naam verskyn nooit tussen 1892 en 1896 as uitvoerder in die programme van die 12 geslote studentekonserte van elke jaar nie.[47] In die verslag van 1895/1896 staan die volledige programme onder die titel "Oorsigtelike samestelling van die werke wat in hierdie akademiese jaar in die voordragsoefeninge, studentekonserte, dramavoorstellings en finale eksamenuitvoerings uit- en opgevoer is."[48] Die jaarlikse twee "Öffentliche Vortragsübungen" (openbare voordragsoefeninge/konserte) was belangrike openbare geleenthede.[49] Endler was beslis aan die begin van sy studie nie gevorderd genoeg om aan hierdie uitvoerings deel te neem nie. Dit is onseker wanneer hy in die orkes begin speel en aan die orkesuitvoerings deelgeneem het.

**1896/1897**

Daar was 840 studente, waarvan 147 "Ausländer", vir die akademiese jaar 1896/1897 ingeskryf.[50] Endler was nou in die derde jaar van die "Ausbildung" by prof. Ferdinand Hellmesberger en het geen ander vakke benewens tjello geneem nie. Daar was slegs vier studente in die "Ausbildung" vir tjello en 10 tjelliste in die "Vorbildung". Endler het weer slegs die helfte van die studiegeld betaal en het nog 'n verdere geldelike bydrae ("Beitrag") ontvang.[51]

Dit is heel moontlik dat Endler, nou 'n gevorderde student, aan die twee openbare uitvoerings van die studente-orkes onder leiding van J.N. Fuchs deelgeneem het. Die program van Dinsdag 15 Desember 1896[52] het die volgende werke met orkes bevat: Brahms se Serenade in D majeur, die *Andante* en *Presto* uit die eerste klavierconcerto van Mendelssohn, die eerste deel van Beethoven se vioolconcerto, die eerste deel van Mozart se klavierconcerto K. 503, en die ouverture tot die *Verkoopte Bruid* van Smetana.[53] Die konsert op Maandag 8 Februarie 1897 is, ter herdenking aan die geboorte 100 jaar vroeër op 31 Januarie 1797 van een van

---

47. *Bericht* […] *1892-1893*, pp. 51-55; *Statistischer Bericht* […] *1893-1894*, pp. 124-128; *Statistischer Bericht* […] *1894-1895*, pp. 142-147; *Statistischer Bericht* […] *1895-1896*, pp. 119-123.

48. "Uebersichtliche Zusammenstellung der in diesem Schuljahr in den Vortragsübungen, Schüler-Concerten, dramatischen Vorstellungen und Prüfungs-Schlußproductionen zum Vortrage beziehungsweise zur Aufführung gelangten Werke" (*Statistischer Bericht* […] *1895-1896*, p. 119).

49. *Bericht* […] *1892-1893*, p. 63; *Statistischer Bericht* […] *1893-1894*, p. 135; *Statistischer Bericht* […] *1894-1895*, p. 154; *Statistischer Bericht* […] *1895-1896*, p. 132.

50. *Statistischer Bericht* […] *1896-1897* (Conservatorium der Gesellschaft der Musikfreunde, Wenen, 1897), pp. 16-96.

51. *Statistischer Bericht* […] *1896-1897*, p. 28.

52. *Statistischer Bericht* […] *1896-1897*, p. 139.

53. Die opera is ongeveer twee maande vroeër, op 4 Oktober 1896, die eerste keer in Wenen in die operahuis opgevoer. Vgl. T. ERBEN, *Traum und Wirklichkeit - Wien 1870-1930*, p. 747.

Wenen se beroemdste seuns, volledig gewy aan Schubert: ’n ouverture in E mineur, ’n duet uit die opera *Fierrabras*, liedere, klavierwerke, ’n toneel uit die operafragment *Adrast*, koorwerke vir vrouestemme, en menuette en Duitse danse vir strykorkes.[54]

In sy artikel oor die lewe in Wenen noem Endler dat hy in die huis van Johann Strauss in Igelgasse II deelgeneem het aan die uitvoering van ’n strykkwartet van Brahms in die teenwoordigheid van die komponis. Geen datum word egter aangegee nie.[55] Dit kon moontlik in 1897 gewees het, want teen hierdie jaar het Endler blykbaar genoeg selfvertroue as tjellis ontwikkel om vir die eerste keer in die studentekonserte op te tree. Endler se naam verskyn as kamermusiekspeler in vyf van die 12 konserte van die akademiese jaar.[56] Op Saterdag 16 Januarie, toe hy 26 jaar oud was, neem Endler deel aan ’n uitvoering van die eerste deel van ’n strykkwartet van Mozart. Sy medespelers was Wilhelm Eckstein (19 jaar), Erwin Dengler (22) en Georg Ferdinand Schmidt (20).[57] By die volgende konsert op Maandag 15 Februarie 1897 neem Endler deel aan ’n program weer ter viering van die 100ste herdenking van die geboorte van Schubert. Endler speel die tjelloparty van die eerste deel van Schubert se strykkwintet. Sy medespelers was Eckstein, Dengler, Julius Zajicek (19 jaar) en Hanns Himmer (tjello, 22 jaar). Endler speel ook op die volgende konsert op Dinsdag 16 Maart, hierdie keer die eerste deel van ’n ongeïdentifiseerde strykkwartet van Haydn. Sy kollegas was Eduard Vondrejc (17 jaar), Samuel Stern (19) en weer Georg Ferdinand Schmidt (20). Endler skryf in 1939:

> Een môre toe ons in die kamermusiek-klas [*sic*] was, juis besig om ’n kwartet van Brahms te speel, stap ons hoof binne en sê: “Menere, Meester Brahms lê sterwende. Uit eerbied sal ons vandag nie voortgaan met die klasse nie.[58]

---

54. *Statistischer Bericht* […] *1896-1897*, pp. 139-140.
55. Vgl. H. ENDLER, “Uit die ou Weense Dae” in *Die Huisgenoot*, 27 Januarie 1939, p. 13.
56. *Statistischer Bericht* […] *1896-1897*, pp. 127-131. Dit is gevaarlik om die definitiewe deelname van musici aan ’n uitvoering bloot van hulle name op die program af te lei, aangesien die naam op die program nie noodwendig beteken dat die musikus op die ou end werklik opgetree het nie. In die geval van die programme wat in die *Statistischer Bericht* verskaf word, kan hierdie inskrywings egter as feite aanvaar word, aangesien die *Statistischer Bericht* eers aan die einde van die akademiese jaar gedruk is en foute dus reggestel sou gewees het.
57. Hierdie drie strykinstrumentspelers word almal in die lys studente as vioolstudente aangedui. Die vraag ontstaan dus wie dan die altvioolparty in die strykkwartet behartig het. In die lys hoofvakke verskyn daar “Violine”, “Violoncell” en “Contrabaß” onder die strykinstrumente, maar geen inskrywing vir altviool nie (*Statistischer Bericht* […] *1896-1897*, p. 106). Dit wil voorkom asof sommige violiste ook in staat was om altviool te speel.
58 . H. ENDLER, “Uit die ou Weense Dae” in *Die Huisgenoot*, 27 Januarie 1939, p. 13.

Op Vrydag 2 April speel Endler in die Trio vir viool, tjello en harp van Spohr saam met Zajicek en Marie, Edle von Stransky, wat maar 16 jaar oud was. Endler was soos die ander musici in Wenen geskok oor die dood van Brahms die volgende dag, 3 April 1897. Hy skryf in sy lewenskets in 1946:

> [I]n 1897 net 'n week voor sy vertrek na London[59] het Endler die begrafnis van Brahms bygewoon. Dit was 'n treurige dag vir Weenen ook die hele wêreld, die seremonie het voor die gebou van die Akademie plaasgevind – om 3 uur p.m. Alle gaslampe in Weenen het gebrand ter ere van Brahms en die Weense Männer Gesang Verein en die Weense Philharmoniese orkes het 'n komposisie van Brahms uitgevoer. [60]

Die laaste uitvoering van die *Conservatorium* waaraan Endler as kamermusiekspeler deelgeneem het, was op Woensdag 19 Mei 1897 toe hy die eerste en tweede deel gespeel het van Weber se Trio vir klavier, fluit en tjello saam met mejuffrou Auguste Malek (klavier, 17) en Emanuel Stepnicka (fluit, byna 20 jaar oud).

Endler skryf die volgende in sy lewenskets van 1946:

> Nou in Junie 1897 die Jubileumjaar van Koningin Victoria het hy in London aangekom."[61] Indien die maand Junie korrek aangegee is, verklaar dit die feit dat Endler nie sy finale eksamen afgelê het nie. By sy naam in die lys studente,[62] verskyn daar 'n asterisk[63] om aan te dui dat hy nie die eksamen aan die einde van die akademiese jaar afgelê het nie: "Die studente wat met 'n asterisk aangedui word, kon weens siekte of ander redes nie die eksamen aflê nie.[64]

Indien Endler eerder "Julie" in sy lewenskets bedoel het, dan kon hy moontlik in Julie in die orkes gespeel het tydens die twee uitvoerings waarin kandidate hulle eindeksamens afgelê het ("Schluß-Productionen der Abiturienten"). Die studente-orkes het weer onder leiding van J.N. Fuchs opgetree. Op Donderdag 8 Julie het die program die volgende werke met orkes ingesluit: die eerste deel van Beethoven se eerste klavierconcerto, 'n aria uit Mozart se *Zauberflöte*, die concerto vir twee viole van Bach (een van die violiste was Julius Zajicek, wat een van die studente was wat die silwermedalje van die *Gesellschaft* ontvang het), die eerste deel van die klavierconcerto in G majeur van Anton Rubinstein, 'n aria uit *Lakmé* van Delibes, en 'n komposisie vir vrouekoor en orkes van die finalejaar-student Bernhard Tittel. Dit is onduidelik of die arias met orkes- of klavierbegeleiding

---

59. Dis onseker waarvoor Endler na Londen gegaan het.
60. E. GROBBELAAR, Die lewe en werke van Hans Endler en sy invloed op die musieklewe van Stellenbosch, p. 183.
61. *Ibid.,* p. 183-184.
62. *Statistischer Bericht* […] *1896-1897*, pp. 16-96.
63. *Statistischer Bericht* […] *1896-1897*, p. 28.
64. "Die mit * Bezeichneten konnten sich wegen Erkrankung oder sonstiger Ursachen einer Prüfung nicht unterziehen" (*Statistischer Bericht* […] *1896-1897*, p. 16).

uitgevoer is. Die tweede konsert was twee dae later op Saterdag 10 Julie. Die werke wat uitgevoer is, was die eerste deel van Dvorak se klavierconcerto, die *Andantino* uit die concerto vir fluit, harp en orkes van Mozart (met die fluitis Emanuel Stepnicka wat ook die silwermedalje ontvang het), die eerste deel van die vioolconcerto van Goldmark (met nog een van Endler se medespelers, Wilhelm Eckstein, as solis), 'n duet uit die opera *Jessonda* van Spohr, 'n "Symphonie-Finale" van die student Carl Severin, en die *Hongaarse Fantasie* van Liszt.[65]

## Gevolgtrekkings

Hans Endler het met 'n groot agterstand in 1892 aan die *Conservatorium für Musik und darstellende Kunst* in Wenen begin studeer. Hy het egter so goed gevorder dat hy teen 1895 die epiteton 'ausgezeichnet' (uitstekend) van sy tjello-onderwyser Ferdinand Hellmesberger ontvang het. Sy selfvertroue en standaard het dermate ontwikkel dat hy in sy laaste jaar (1897) vyf keer as kamermusiekspeler in die geslote studentekonserte opgetree het. Hy het ook in die studente-orkes gespeel, selfs onder Brahms. Endler se studie is dus met 'n hoogtepunt afgesluit aangesien hy in sy laaste jaar as kamermusiekspeler gereeld begin optree het. Hy het egter sonder 'n amptelike kwalifikasie in 1897 uit Wenen na Londen vertrek.

Met al hierdie kennis, deursettingvermoë en ervaring was Endler in 'n uitstekende posisie om 'n deurslaggewende bydrae te lewer tot Suid-Afrikaanse musiekopleiding wat in 1903, toe hy in Suid-Afrika aangekom het, aan die begin van sy ontwikkeling gestaan het.

Endler se dankbaarheid oor die voorreg wat hy gehad het om by die Conservatorium in Wenen te studeer kan gesien word in die feit dat hy in 1921 'n bedrag van 65,250 krone aan die Conservatorium geskenk het as opbrengs van 'n insameling. 'n Kopie van die bedankingsbrief van die Conservatorium word in die argief van die *Universität für Musik und darstellende Kunst* in Wenen in die lêer oor Johann Endler gehou. In Afrikaans sou die hoogdrawende Duitse brief so kon lui:

> Aan die Heer Kapelmeester
>
> Hans Endler
>
> Direkteur van die Konservatorium
>
> in
>
> Stellenbosch
>
> Suid-Afrika

---

65. *Statistischer Bericht* […] *1896-1897*, p. 148.

Die senaat van die *Akademie für Musik und darstellende Kunst* in Wenen het tydens sy laaste vergadering met groot vreugde en dankbaarheid kennis geneem van die toesending van die bedrag van 65,250 krone wat u as opbrengs van ’n insameling wat deur u ten bate van die Weense Musiekakademie gereël is aan mnr. die Direkteur Hofrat Löwe gestuur het vir die verdeling onder behoeftige en verdienstelike studente.

Die direksie wil aan u, volgens ’n eenparige besluit van die Akademiesenaat, namens die direksie en die senaat ons opregste en warmste dank oordra vir die bydrae wat volgens die voorskrifte aan studente gegee sal word wat ondersteuning nodig het.

Met die meeste hoogagting

Van die Direkteur

Wenen

27 Oktober 1921.

## Summary


### Hans Endler’s studies at the *Conservatorium für Musik und darstellende Kunst* in Vienna, 1892-1897

Hans Endler (1871-1947), co-founder of the Conservatorium of the University of Stellenbosch in 1904, exerted a very great influence on the development of music in South Africa. However, little is known about his studies at the *Conservatorium für Musik und darstellende Kunst* in Vienna where he was a student from 1892 to 1897. Entries in the official documents of the Conservatorium show that Endler started studying with a backlog at 21 years of age. After working hard and having gained enough experience and confidence, he could take part as chamber music cellist in five private performances of the *Conservatorium* in 1897. The experience of five years of study at one of the best-known music training institutions in the world was greatly to his advantage when he came to South Africa in 1903.